# GELOFTE SKOOL

Cavershamweg 2, Pinetown
E-pos: skoolhoof@gelofte.co.za

Telefoon: (031) 702 7201 / 702 4363
(031) 702 4364

Faks: (031) 702 4360


**VOORLOPIGE KENNISGEWING AAN OUERS: INSKRYWINGSFOOI VIR 2027**

Geagte Ouers / Voogde

Neem asseblief kennis dat die Beheerliggaam, tydens 'n vergadering gehou op 12 Mei 2026, voorlopig besluit het om die **inskrywingsfooi vir 2027** vas te stel op **R3 500 per kind.**

Hierdie besluit is nog onderhewig aan finale goedkeuring tydens die begrotingsvergadering wat in Oktober 2026 sal plaasvind. Hierdie kennisgewing word egter reeds nou uitgereik ter wille van vroeë inligting aan ouers en om voldoende tyd vir beplanning te bied.

Van die totale bedrag van R3 500 sal **R1 000 per kind** teen die **skoolfonds** vir 2027 gekrediteer word.

Let wel - Ouers wat reeds R1 500 per kind betaal het vir 2027 inskrywings word vriendelik versoek om kennis te neem dat die uitstaande balans steeds betaalbaar bly.

Die finale skoolfondsbedrag vir 2027 sal eers later vanjaar, na afloop van die begrotingsvergadering, bepaal en aan ouers gekommunikeer word.

Ons vertrou dat u begrip sal hê vir hierdie voorlopige aankondiging, wat noodsaaklik is vir behoorlike finansiële beplanning en die volhoubaarheid van gehalte-onderrig by die skool.

Indien u enige navrae het, is u welkom om Mev Slade by die skool te kontak.

Vriendelike groete

**Mnr R Botha**
**BL VOORSITTER**

**Mnr W. Booysen**
**FINANSIËLE VOORSITTER**